Die euwel van onkunde

deur Theresa Odendaal

Perde is tropdiere wat ander perde se geselskap nodig het

Wreedheid teenoor perde het baie vorme. Daar is die ongenaakbare brutaliteit en erge verwaarlosing waar die tekens sigbaar is, maar daar is ook 'n ander vorm van wreedheid waar die tekens nie altyd so ooglopend is nie. Die wagwoord vir hierdie tipe wreedheid is "onkunde" en kom soms met die beste bedoelings. *SA Horseman* het met perdeveearts en voedingkundige, dr Rensia de Wet, gesels oor sommige van die euwels wat dikwels kop uitsteek.

Stallering van perde

Perde is hoogs intelligente wesens met 'n ingewikkelde sosiale struktuur. Nietemin dink party mense dat dit reg is om so 'n dier 24 uur per dag in 'n stal, dikwels niks groter as 2,5 m x 3 m, toe te sluit nie. Hulle glo dat die perd homself sal beseer indien hy uitgaan in 'n kamp, of partymaal dink hulle net eenvoudig glad nie. Dit is geen wonder dat die perde dan aaklige gewoontes aanleer en neuroties begin optree nie. Hulle het, nes ons, stimulasie, sonskyn en oefening, asook interpersoonlike kontak nodig om gelukkig en gesond te wees.

Geselskap

Perde is tropdiere en hunker altyd na geselskap. Dit is nie altyd moontlik om perde saam in 'n kamp te laat loop nie, aangesien sommige mag baklei en mekaar beseer. Maar dit is belangrik dat perde mekaar kan sien. Dit is wreed om 'n perd alleen op 'n perseel aan te hou. Al wanneer 'n perd in tropverband van die ander perde geskei is, is as hy uit die trop verban is, wat hom hoogs kwesbaar maak. Vir hom is dit dus 'n groot straf. As dit nie moontlik is om nog 'n perd, ponie of donkie aan te skaf nie, kan selfs 'n skaap as geselskap vir die perd dien.

Die "natuurlike manier"

Sommige mense glo dat 'n perd na homself kan omsien. Perde word dan sonder diskriminasie uitgegooi in die veld, baie maal sonder skuiling of genoeg weiding, en telkemale sonder voldoende vars water. Sommige rasse kan so floreer, maar ander (veral die volbloed-tipe perde en perde wat van jongs af gepamperlang is) kry swaar. Onthou altyd dat, al kan 'n perd na homself omsien, ons diegene is wat die heinings opsit.

Ander glo dat 'n perd nie gemaak is om skoene te dra nie. Miskien ja, maar as 'n perd sy lewe lank skoene gedra het, neem dit 'n kundige om hom voor te berei om kaalvoet te loop. Raadpleeg liefs 'n hoefsmid wat 'n kaalvoetspesialis is, indien dit oorweeg word. Daar is baie meer by betrokke as net skoene aftrek. Daar word onder andere aanbeveel dat vir elke jaar wat 'n perd skoene gedra het, hy vir een maand moet herstel voordat hy gereed is om kaalvoet te werk. Daar is selfs meer by betrokke. Weens inteling en swak voeding, het party perde ook natuurlike swak hoewe wat nooit sonder skoene sal kan gaan nie.

Partymaal word wonde, skete en siektes met allerhande kruiemiddels en ander vreemde rate behandel. Dit doen dikwels meer skade as goed. Baie van die rate is goed en werk tog, maar moet nie sonder die nodige kennis gebruik word nie. Indien jy onseker is, bel liewer 'n kruiekundige, homeopaat of veearts. Dit sal moontlik op die langeduur goedkoper en minder problematies wees as om die perd self te probeer behandel.

Voeding

Net so erg as om 'n perd te ondervoed, is om hom te oorvoed. 'n Perd se kragvoerinname moet in lyn wees met die hoeveelheid werk wat hy doen. 'n Perd wat byna nooit werk nie, kan nie op 'n hoë proteïen, hoë energie eetplan wees nie, al geniet hy sy kos ook hoe. Dit kan tragiese gevolge hê:

- Hoe vetter die perd is, hoe harder moet sy hart werk – vet verhoed afkoeling en die perd sukkel om van die hoë liggaamstemperatuur ontslae te raak
- Laminitis is oor die algemeen 'n direkte gevolg van te veel proteïene en energie in die eetplan. Dit is 'n inflammasie van die lamina in die hoefwand, wat so erg kan word dat dit van die hoefwand skei en die perd uitgesit moet word. Selfs in die beginstadium is dit 'n uiters pynlike toestand. Dit kom veral by ponies voor
- Onbeheerbaarheid kan ook 'n gevolg van te veel proteïene en energie in die eetplan wees. Dit is vir die ruiter, die perd self en ander persone wat hom moet hanteer, baie gevaarlik
- Te veel kos kan koliek veroorsaak. Dit kan dodelik wees
- Beenprobleme, tendonprobleme, gewrigsprobleme, hoefprobleme en dies meer, kan veroorsaak word deur 'n perd wat letterlik te swaar is vir sy bene
- Byvoedings saam met 'n gebalanseerde konsentraat, kan die konsentraat ongebalanseerd maak. Dit beteken dat 'n verhouding soos proteïene : vet : koolhidrate versteur kan raak en tot ander probleme kan lei.

Daar is ook 'n geneigdheid om perde allerhande snaakse goed voer wanneer mense graag 'n perd wil vet kry. Onthou, 'n perd eet perdekos, nie bees-, vark-, hoender- of hondekos nie. Ongelukkig maak van die goed 'n perd op die oog af vet, maar hou langtermyn nadelige gevolge in. Gesels liewer met 'n perdeveearts of -voedingkundige oor 'n geskikte byvoeding. Die meeste bekende voermaatskappye het 'n voedingkundige in diens.

Saals, tooms, stange en tuie

Baie mense is nie daarvan bewus dat daar verskillende soorte stange is en dat party baie skerper is as ander nie. 'n Skerp of harde stang op 'n perd met 'n sagte, sensitiewe bek, kan 'n wrede wapen wees in die verkeerde, of selfs onkundige, hande. 'n Saal, toom en tuig moet behoorlik pas:

- Stange mag nooit geroes of gebreek wees nie. Moet nooit jou eie stang uit draad of metaal probeer maak nie. Dit is nie só duur nie. Koop liewer iets behoorliks
- 'n Saal wat nie goed pas nie, kan pynlike saalsere veroorsaak en lank neem om

gesond te word. Dit kan ook rugprobleme veroorsaak en ‘n perd se beweging en selfs sy gedrag beïnvloed. Maak veral seker dat die saal se boom nie gebreek is nie. ‘n Saal is wel ‘n redelike duur item, maar ‘n ordentlike saal sal jou byna ‘n leeftyd hou. Die meeste saalwinkels lewer ‘n pasdiens om te verseker dat die saal wat jy koop, jou perd reg pas

- Tuie en tooms wat nie behoorlik pas nie kan skaafwonde veroorsaak en ook bewegings- en gedragsprobleme veroorsaak.

Wanneer ‘n saal, toom of tuig aangeskaf word, roep ‘n kenner se hulp in om seker te maak dat die perd nie op die een of ander manier seergemaak word nie en dat alles behoorlik pas.

Fiksheid

As ‘n onfiks perd te hard gery word, kan hy spierpyne of selfs Azoturia *(Monday morning disease)* kry. Dit ontstaan wanneer daar melksuur in die spiere afgeskei word. Dit gaan gepaard met uitermatige sweet, styfheid en versnelde hartklop en is ‘n uiters pynlike en soms dodelike toestand. Dit is ook moontlik vir ‘n perd om ‘n hartaanval te kry of inmekaar te sak tydens so ‘n harde rit, wat natuurlik die ruiter ook ernstig kan beseer.

Genadedood

Wanneer ‘n perd oud, afgeleef of beseer is, laat baie mense hom “aftree” op die plaas van ‘n kennis of ‘n famielielid, wat oor die algemeen nie kennis het oor die versorging van perde nie. Dit is ‘n selfsugtige houding en beslis nie die beste vir die perd nie. Dink mooi daaroor: die dier is gewoond aan aandag, versorging, mediese hulp, voer en skuiling. Skielik, wanneer hy dit op sy oudag die nodigste het, word dit hom ontneem. Nou moet hy in sy reeds verswakte toestand vir homself sorg. Hy sal stadig maar seker weens lyding, ontbering en dikwels verhongering omkom. Sou dit nie baie meer genadig en minder traumaties vir die perd gewees het om hom met waardigheid, terwyl hy in goeie kondisie is en ‘n hoë lewensgehalte geniet, liewer te laat uitsit nie?

Perde het stimulasie, oefening en sonskyn nodig. Dit is wreed om ‘n perd 24 uur ‘n dag in ‘n stal te hou

Ten slotte

Roep te alle tye die hulp en leiding van ‘n kenner in en gee gehoor daaraan. Moet nooit bang wees om te vra nie en wees oop om te leer. ‘n Perd is ‘n dier van vlees en bloed en voel ook pyn, hitte, koue en word moeg. Hy het ook emosies en kan bang, eensaam of terneergedruk wees. Hy moet ‘n gebalanseerde eetplan volg om gesond te bly en moet ook stimulasie, afleiding, oefening en ‘n mate van vryheid hê om gelukkig te wees. **SAH**